

## Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

### Lied 281

Lei ons, Here, groot en magtig,  
U alleen ons hulp en krag.  
As die nag se kleed ons sluier,  
bly ons steeds u heil verwag.  
Ons Bevryder, ons Bevryder,  
U, die God van ons behoud -  
U, die God van ons behoud.

Lei ons, Here, groot en magtig,  
U alleen ons borg en steun.  
As die donker ons laat steier,  
vind ons rus by U alleen.  
Ons Bewaker, ons Bewaker,  
U, die God wat ons bewaar -  
U, die God wat ons bewaar.

## Woorddiens

Tema: Kruis woorde 4: Tesame

Skriflesing: Lukas 23:32-43

<sup>43</sup> En Jesus antwoord hom: Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees.

### Broodjies vir die pad

#### Seisoene van Sabbatte

Ses dae is jy 'n klerk  
Die sewende lê jy knus  
Ses dae hou jy jou sterk  
Die sewende is jy geblus

Na die koue seisoen  
Maak die lente alles groen  
Dan baljaar ons in die son  
Voor herfs rustyd laat kom

Selfs die dae is so verdeel  
Sestien ure is dit dag  
Agt ure is dit nag  
Tyd vir werk, rus en speel

So reis mens en natuur  
Op vleuels van dag en uur  
Oor piek, ravyn en trog  
Soos pelgrims op 'n tog

Is ons op 'n vreemde vaart  
Die weg bekend dog ongekaart  
Want rus jy êrens langs die pad  
Besef jy dis na jouself wat die pad jou vat  
*Jan Dreyer*

“In particular, we must take account of the well-known and striking saying of Jesus to the dying brigand beside him, recorded by Luke (23.43). 'Today,' he said, 'you will be with me in paradise.' 'Paradise' is not the final destination; it is a beautiful resting place on the way there. But notice. If there is anyone in the New Testament to whom we might have expected the classic doctrine of purgatory to apply, it would be this brigand. He had no time for amendment of life; no doubt he had all kinds of sinful thoughts and desires in what was left of his body. All the standard arguments in favour of purgatory apply to him. And yet Jesus assures him of his place in paradise, not in a few days or weeks, not if his friends say a lot of prayers and masses for him, but 'today.'”  
— N.T. Wright, *For All the Saints: Remembering the Christians Departed*

“There is no greater disaster in the spiritual life than to be immersed in unreality, for life is maintained and nourished in us by our vital relation with realities outside and above us.”  
— Thomas Merton, *Thoughts in Solitude*

### Wat het geword van 'n Sondag se unieke geluide?

*Dana Snyman*

Sondae het eens anders as ander dae geklink. Jy word wakker, dan is daar nie 'n trein wat by die stasie rangeer en motors in die strate en werkers wat op die sypaadjies loop en na mekaar roep nie.

'n Sondagoggend is voëls in die bome en Fanie Smit se stem oor die radio wat op die yskas in die kombuis staan: “ 'n Hartlike goeiemôre van my, Fanie Smit, by nog 'n aflewering van /Alle Volke Loof die Here/ . . .”

'n Kerkklok wat in die verte lui. Die sji-jeluid van Ma wat haar hare met haarsproei spuit. Die motorhuisdeur wat oopgaan. Die Valiant wat eers tjie-tjie-tjie maak voordat die enjin vat.

In die kerk die statige klank van die pyporrel. Oom Martiens, die voorsinger, se basstem wat bo almal se stemme uitstyg: “Prys die Hee-e-eer met bly-e ga-alme . . .” Dan Dominee se stem, eers sag en teer, later vol vuur en swael, en dan, aan die einde van die preek, moeg en in der dagen sat, byna snikkend, vol berou en vergifnis. “Here, wees my, arme sondaar genadig . . .” Die dowwe plof van kleingeld in 'n kollektebordjie.

Terug by die huis die gesuis van 'n ketel wat kook, die geklingel van teelepels in teekoppies. 'n Mes wat deur 'n sjokoladekoek sak en die bord met 'n klik-geluid raak. 'n Oonddeur wat oopkraak en weer toeklik.

'n Tafelklokkie wat lui. 'n Eenwoord-gebed: VirspysendranksêonsUnaamlofeeren-dank-amen. 'n Kurkprop wat met 'n dowwe smakgeluid uit 'n Twee Jonge Gezellen-bottel loskom. Die geskraap van messe en vurke oor borde. Dan 'n stem wat roep: "Maria! Mari-jooeee! Jy kan maar die borde kom kry!"

Pa wat terugleun in sy stoel, en sê: "Ek weet wat ek nou gaan doen." Die gerommel in die wasbak waar Maria die skottelgoed staan en was. Dan, doodse stilte in die huis – tyd vir 'n middagslapie. 'n Bed waarvan die vere kraak en kraak, dan Pa se ritmiese gesnork aan die onderpunt van die gang. Buite 'n duif wat koer.

Later Pa wat in die gang afkom, sy hare wat wild op sy kop staan, in 'n kortbroek, met kort, swart kerksokkies aan. Die oonddeur wat oopkraak, die deksel wat gelig word van die skottelbak waarin die oorblyfsels van die skaapboud is. 'n Krakerige gebakte aartappel wat met die hand opgetel en koud geëet word.

'n Motor wat stadig in die straat verbypruttel – die Viljoens in hul Chev Kommando, op 'n doellose Sondagmiddagrit, elkeen met 'n roomys in die hand. Die platespeler wat in die sitkamer aangeskakel word. 'n Strauss-wals, soos vertolk deur die Weense Filharmoniese Orkes, wat deur die huis wieg.

Laatmiddag Ma wat by die voordeur uitgaan en op die draadstoel op die stoep gaan sit en na die gesigseinder sit en staar en geluidloos en traanloos huil oor onvervulde begeertes en verlore drome terwyl die son agter die seringboom sak en dit donker word en die kerkklok in die verte die ure meedoënloos aftel.

Nou klink 'n Sondag vir my maar min of meer soos elke ander dag.

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/wat-het-geword-n-sondag-se-unieke-geluide-20190322>

"At the beginning of human history, man lost some of the basic animal instincts in which an animal's behavior is embedded and by which it is secured. Such security, like paradise, is closed to man forever; man has to make choices. In addition to this, however, man has suffered another loss in his more recent development inasmuch as the traditions which buttressed his behavior are now rapidly diminishing. No instinct tells him what he has to do, and no tradition tells him what he ought to do; sometimes he does not even know what he wishes to do. Instead, he either wishes to do what other people do (conformism) or he does what other people tell him to do (totalitarianism)."

— Viktor Emil Frankl, *Man's Search for Meaning*

"Those who promise us paradise on earth never produced anything but a hell."

— Karl R. Popper

"The logic of worldly success rests on a fallacy: the strange error that our perfection depends on the thoughts and opinions and applause of other men!"

— Thomas Merton, *The Seven Storey Mountain*

## Brood vir die pad

Fanatisme is nie 'n geneesmiddel nie, dit kort een

RRV

Hoe genees jy 'n fanatikus? Die Israeliese skrywer Amos Oz begin sy opstel "How to Cure a Fanatic" – aanvanklik gelewer as 'n voordrag in Duitsland in 2002 – met dié vraag.

Die meeste van ons voel aan dat ons die kru wyses moet veroordeel waarop fanatisme in ons tyd in die vorm van terreuraanvalle, massamoorde en haatspraak (ook op sosiale media) uiting vind.

Asook dat ons bewus moet wees van die meer subtiële maniere waarop fanatisme rondom ons, en moontlik ook ín ons, gestalte kry.

Soos Oz ons herinner: "Fanaticism is older than Islam, older than Christianity, older than Judaism, older than any state or government . . . Fanaticism is unfortunately an ever-pressing component of human nature; an evil gene, if you like."

Daarom sy voorstel dat elke skool en universiteit miskien 'n kursus of twee in vergelykende fanatisme moet aanbied.

Oz, wat in die konflikgeteisterde Jerusalem grootgeword en daar die suigrag van fanatisme beleef het, verbind die wese van fanatisme met die begeerte om ander te wil dwing om te verander – om soos jy te dink, op te tree en te glo.

Maar hoe, sou ons saam met Oz kon vra, genees jy 'n fanatikus? In sy opstel skryf hy tong in die kies dat hy, ten minste in beginsel, 'n geneesmiddel vir fanatisme gevind het. Dié kuur is humor.

Want, sê hy, hy het nog nooit 'n fanatikus met 'n sin vir humor gesien nie. Dalk juis omdat humor veronderstel dat jy dinge moet kan relativeer. As hy humor in pilvorm kan verwerk en versprei, meen Oz, kan hy dalk net die Nobelprys vir medisyne eerder as vir letterkunde ontvang.

Oz wys verder daarop dat die verbeelding ook 'n belangrike rol kan speel om 'n mate van immuniteit teen fanatisme op te bou.

Hy besef dit is nie so eenvoudig soos om net te sê 'n mens moet Shakespeare of Kafka lees om die fanatikus in jou te tem nie. Maar tog is dit sy aanvoeling dat literatuur kan help om groter empatie en 'n gevoel vir kompleksiteit te ontwikkel.

Met die lees van "How to Cure a Fanatic" word 'n mens terdeë bewus van die dringendheid om deeglik oor die aard van fanatisme te besin, asook om die impak daarvan op politieke en godsdienstige vlak verantwoordelik te verreken.

Want ons kan dalk net makliker as wat ons dink verlei word om heimlik te glo dat fanatieke persoonlikhede en impulse nie 'n kuur benodig nie, maar eintlik as 'n soort geneesmiddel kan dien vir wat ons as die probleme in ons lewens en wêreld sien.

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/fanatisme-is-nie-n-geneesmiddel-nie-dit-kort-eeen-20190322>

### Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,  
waar daar liefde is, daar is God die Heer.

*Ubi caritas, et amor  
ubi caritas, Deus ibi est.*